

Punte: [40]

Vraag 1: [5]

Bestudeer die volgende sinne. Kies die korrekte een.

Sin 1 (1)

- a. Die kind het gebreek die punt van die potlood.
- b. Die kind het die punt van die potlood gebreek.
- c. Die is die punt van die potlood gebreek het.

Sin 2 (1)

- a. Die koek is deur die dogter gister met liefde in die kombuis gebak.
- b. Die koek het gister deur die dogter met liefde in die kombuis gebak.
- c. Die koek is gister met liefde deur die dogter in die kombuis gebak.

Sin 3 (1)

- a. Die gesin het toe die vakansie nogal baie op die plaas geniet.
- b. Die gesin het toe geniet die vakansie nogal baie op die plaas.
- c. Die gesin geniet toe nogal baie die vakansie op die plaas het.

Sin 4 (1)

- a. Jare gelede die mense het self op die lande om vir kos te voorsien gewerk.
- b. Jare gelede het die mense self op die lande gewerk om vir kos te voorsien.
- c. Jare gelede is die mense self op die lande gewerk om vir kos te voorsien.

Sin 5 (1)

- a. Die ou tannie sal haar blomme met die tuinslang gereeld natspuit.
- b. Die ou tannie het gereeld haar blomme met die tuinslang natspuit.
- c. Die ou tannie sal gereeld haar blomme met die tuinslang natspuit.

Vraag 2: [12]

Herskryf die volgende sinne deur met die gegewe deel te begin.

Sin 1 (2)

Die wind het gister erg gewaai.

- a. Het ...
- b. Erg ...

Sin 2

(5)

Die fotograaf sal binnekort die foto van die koninklike familie afneem om in sy portefeulje te plaas.

- a. Die foto ...
- b. Binnekort ...
- c. Om in sy portefeulje ...
- d. Sal ...
- e. Van die koninklike familie ...

Sin 3

(5)

Die seun moet elke aand om seweur *Binnelanders* op kanaal 144 kyk om sy Afrikaans te verbeter.

- a. Op kanaal 144 ...
- b. Elke aand om seweur ...
- c. Om sy Afrikaans te verbeter ...
- d. *Binnelanders* ...
- e. Moet ...

Vraag 3: [18]

Bestudeer die volgende sinne en dui dan die gegewe woordsoort aan.

1. Die verslaggewer moet nou die berig spoedig skryf om dit in die koerant te kan plaas. (7)

- a. V1
- b. V2
- c. (P) Plek
- d. (T) Tyd
- e. (M) Wyse
- f. (S) Onderwerp
- g. (O) Voorwerp

2. Die kok het die muis al in die rondte in die kombuis gejaag om dit dood te maak. (5)

- a. (O) Voorwerp
- b. (M) Wyse
- c. (P) Plek
- d. (I) Informatief
- e. (S) Onderwerp

3. Die muis het die kok se kaas heerlik in die spens geëet om sy maag vol te kry. (6)

- a. (i) Informatief
- b. (V1)
- c. (O) Voorwerp
- d. (V2)
- e. (M) Wyse
- f. (P) Plek

Vraag 4: [4]

Herskryf die volgende sinne in die korrekte woordorde.

1. afkap / die houtkapper / gereeld / om vuur te maak / die bome / sal (1)

Die houtkapper ...

2. gery / die hout / met sy bakkie / selde / huis toe / hy / het (1)

Hy ...

3. die werkers / om seker te maak daar is nie spykers op die pad nie / die pad / word / deur / gegee / deeglik / môre / sal (1)

Die pad ...

4. Die motor het nou die dag 'n pap wiel in die straat gekry. (1)

'n Pap wiel ...

Vraag 5: [1]

Bestudeer die volgende sin en maak dan 'n vraag met die vraagwoord wat gegee word:

- Ek het gister my tandeborsel by die huis vergeet. (1)

Waar ...